ZAMBESI TENNISKLUB - KLUBKAMPIOENSKAPPE 2012
ALGEMENE WEDSTRYDREëLS

1. **Slegs lede (insluitende dubbelspelmaats) wie se kampioenskap- en ledegelde tot op datum betaal is, se inskrywings sal aanvaar word.** Geen inskrywingsgelde sal na aanvaarding terugbetaalbaar wees nie en die onus berus by u om u dubbelspelmaat se kampioenskap- en ledegeld situasie vooraf vas te stel. **Sluitingsdatum vir inskrywings plus betaling is Saterdag 28 Januarie 2012.**

2. Die kampioenskappe sal strek vanaf Saterdag **4 Februarie 2012** tot Saterdag **17 Maart 2012**.

3. Wedstrydbepalings sal deur e-pos bekend gemaak word en teen Dinsdagaande by die glasdeur van die klubhuis opgeplak word. **Die toernooisekretaresse, Cerita Joubert, kan ook i.v.m. die bepalings gekontak word by cerita@telkomsa.net / 082 572 9806 / 012 543-0442.**

4. Tennisreëls soos neergelê deur TSA geld vir alle kampioenskapswedstryde. Die voorsitter / toernooisekretaresse se beslissing is finaal.

5. Aansoek om **onvoorsiene verskonings** vir wedstryde kan slegs oorweeg word indien die toernooisekretaresse tydig (d.w.s. teen die voorafgaande Woensdag) in kennis gestel is. Ten einde die kampioenskappe voor of op 17 Maart 2012 af te handel, sal verskonings diskresionêr deur die toernooisekretaresse oorweeg word. **Dui asb. u verlof duidelik op die inskrywingsvorms aan** - slegs met uitsondering sal dit toegestaan kan word tydens die laaste 2 weke van die kampioenskappe wanneer die finale wedstryde geskeduleer sal word.

6. **'n Lid kwalifiseer slegs as 'n veteraan indien hy/sy 55 jaar en ouer is op 1 Januarie 2012 (Algemene Jaarvergadering-besluit), terwyl 'n junior lid dan jonger as 14 jaar moet wees.**

7. Wedstryde word op Saterdagmiddae en -aande beslis. Die geskeduleerde aanvangstye van wedstryde sal gerieflikheidshalwe op 'n **uurlikse basis** aangetoon word. Indien voorafgaande wedstryde vroeër afgehandel word, kan daaropvolgende wedstryde vroeër begin. Maak voorsiening vir hierdie moontlikheid deur reeds **vyftien (15) minute voor die geskeduleerde tyd** aan te meld. Wedstryde kan ook **gedurende die week** geskeduleer word waar wedstryde vir 'n aanvaarde rede nie op 'n Saterdag afgehandel kon word nie.

8. Lede wat vyftien (15) minute na die geskeduleerde aanvangstyd vir 'n bepaalde wedstryd nog nie opgedaag het nie, sal die betrokke wedstryd tesame met die inskrywingsgelde verbeur.

9. As gevolg van tydsdruk kan geen herskedulering van wedstryde waar beserings opgedoen word tydens 'n wedstryd, verleen word nie. 'n Maksimum van 10 minute beseringstyd sal toegelaat word.

10. In die rondomtalie-formaat bestaan elke wedstryd uit 13 spelle - indien die telling 6 elk is, sal die 13de spel 'n 7-punt valbylpot wees. Uitklop- en Finale wedstryde word uit die beste van drie (3) valbylpotstelle beslis, waarvan die beslissende stel uit 'n 10-punt valbylpot bestaan. Slegs vyf (5) minute opwarmingstyd word toeglaat.

11. Geen skeidsregters sal deur die toernooisekretaresse voorsien word nie. Tref u eie reëlings tydig indien u 'n skeidsregter sou verlang.

ZAMBESI TENNISKLUB: INSKRYWINGSVORM KLUBKAMPIOENSKAPPE 2012

NAAM: .....……..
TELEFOON: .....……..…… (SEL) .....…...….....…… (L/LYN)
E-POSADRES: .....…….....……..
SLUITINGSDATUM: 28 JANUARIE 2012 AANVANGSDATUM: 4 FEBRUARIE 2012
VETERANE: 55 JAAR EN OUER OP 1 JANUARIE 2012
JUNIORS: JONGER AS 14 JAAR OP 1 JANUARIE 2012

ITEM		MERK TOEPASLIK	NAAM VAN DUBBELSPELMAAT	FOOIE
ENKELS				
MANS OPE	(MEO)	JA/NEE	**********	R25-00
MANS VETERANE	(MEV)	JA/NEE	**********	R25-00
JUNIOR OPE	(JEO)	JA/NEE	**********	R20-00
DAMES OPE	(DEO)	JA/NEE	**********	R25-00
DAMES VETERANE	(DEV)	JA/NEE	**********	R25-00
DUBBELS				
MANS OPE	(MDO)	JA/NEE	……..	R20-00
MANS VETERANE	(MDV)	JA/NEE	.....	R20-00
JUNIORS OPE	(JDO)	JA/NEE	……..	R15-00
DAMES OPE	(DDO)	JA/NEE	……	R20-00
DAMES VETERANE	(DDV)	JA/NEE	.....	R20-00
GEMENGDE DUBBELS				
OPE	(GDO)	JA/NEE	.....	R20-00
VETERANE	(GDV)	JA/NEE	.....	R20-00

LET WEL:

- DIE GETAL INSKRYWINGS BEPAAL WATTER FORMAAT (UITKLOP / RONDOMTALIE) ELKE ITEM AANNEEM. 1STE RONDTE VERLOORDERS IN DIE UITKLOP-FORMAAT VAL IN PLAATKOMPETISIE.
- IN JUNIOR ITEMS WORD GEEN ONDERSKEID TUSSEN SEUNS EN DOGTERS GETREF NIE.
- GEEN LID MAG VIR MEER AS VIER (4) ITEMS INSKRYF NIE.

TOTALE KAMPIOENSKAPGELDE: R ..... KWITANSIENOMMER:.....

EK AANVAAR DIE ALGEMENE WEDSTRYD- EN KAMPIOENSKAPREëLS AS BINDEND. EK BESEF DIE KLUBBESTUUR MAG REëLS EENSYDIG WYSIG NA GELANG VAN INSKRYWINGS PER ITEM.

VERLOF OP SATERDAG VERLANG (OMKRING DIE TOEPASLIKE DATUMS):

04/02, 11/02, 18/02, 25/02, 03/03, 10/03, 17/03

....
HANDTEKENING DATUM